Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-10-28

Geagte Ouer/Voog

SPESIALE OMSENDBRIEF - TOETSREEKS

TOETSROOSTER (GR 4 - 7) - MNR DENNER

DATUM	VAK	GR
Dinsdag, 9 November	Kuns en Kultuur	4 - 7
Maandag, 15 November	SW (Geografie)	4 - 7
Dinsdag, 16 November	Afrikaans	4 - 7
Woensdag, 17 November	Wiskunde	4 - 7
Donderdag, 18 November	Tegnologie	7
Vrydag, 19 November	Lewensvaardigheid Lewensoriëntering	4 - 6 7
Maandag, 22 November	SW (Geskiedenis)	4 - 7
Dinsdag, 23 November	Engels	4 - 7
Woensdag,24 November	NW en Teg NW	4 - 6 7
Donderdag, 25 November	EBW	7

BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE TOETSREEKS

1. Tydens die toetsreeks sal daar studietyd toegelaat word, voordat die vraestel geskryf word.

2. Leerlinge wat tuisonderrig ontvang (aanlyn) skryf saam met hul grade elke dag die toetse om 09:45

3. Slegs leerlinge wie se ouers toestemming verleen kan hulle kinders vanaf 11:45 of 12:00 kom afhaal. (Graad 1 tot 7) Hierdie reëling sal geld vanaf Maandag, 15 November tot en met

Donderdag, 25 November 2021. **Geen leerling wat nie die toestemmingsbrief inhandig sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat voor 13:30 nie**.

4. Alle leerlinge wat nie om 11:45 / 12:00 huis toe gaan nie sal in 'n toesigklas geplaas word in elke graad tot 13:30.

5. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die toetsreeks teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser**.

6. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien die werk meer is en dit 'n **amptelike toetsreeks** is.

7. Verdaging van leerlinge in die middae tydens die toetsreeks is as volg:
   Gr 1, 6 en 7 verdaag 11:45
   Gr 2,3,4,5 en LSEN verdaag 12:00

WENKE VIR DIE TOETSREEKS

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die toetsreeks!

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof ·Hoop·Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toetsreeks

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____ in Gr _____ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 15 November tot Donderdag, 25 November 2021 om 11:45 (Gr 1,6 en 7) / 12:00 (Gr 2,3,4,5 en LSEN) huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreëls) tydens die komende toetsreeks.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer